Informa

Februarie 2005 - 1 Amptelike nuusblad van die personeel van die UV/Official newsletter of the staff of the UFS

# UFS an example for incorporations says Portfolio Committee

The chair of the Portfolio Committee on Education (PCE) Prof. Shepherd Mayatula has commended the management of the University of the Free State (UFS) for its positive approach to the incorporation of the Vista and Qwaqwa campuses.

Prof. Mayatula said, "While there were outstanding issues to address, a platform had been created through our visit to find solutions. You know the issues that exist between the three campuses and you know the solutions. You don't need recommendations from the Committee."

On 25 February 2005 the PCE held a three-way meeting with the UFS management and the Vista Task Team, representing staff and students at the Bloemfontein campus of the former Vista University. Prof. Mayatula, chairperson of the PCE, led the multi-party delegation while the delegation from the UFS was led by the Rector and Vice-Chancellor, Prof. Frederick Fourie and Mr Paseka Mokoena led the Vista Task Team.



*Personeel en studente staan reg vir die historiese Eeufeesfoto - in die vorm van die Eeufeesembleem - met die amptelike opening van die UV op 4 Februarie 2005.*

Following presentations by the Vista Task Team and UFS management, other committee members commended the UFS for the spirit in which outstanding issues were being handled. The portfolio committee members indicated that other universities have far more serious problems than the UFS, and that some of these universities have also been visited by the PCE. The UFS appears to be on the road to be an important pilot case for incorporations and mergers.

During the meeting the role players discussed outstanding issues in the process of incorporating the Bloemfontein campus of the former Vista University into the UFS, including. These include staff issues and conditions of service, student aid and pipeline students, governance of the UFS and the long term utilisation of Vista as a site.

Prof. Fourie expressed his appreciation for the role played by the Portfolio Committee on Education in bringing about a common understanding of the transformation issues facing the UFS. He said the Portfolio Committee's visit was a useful intervention to bring about a sense of urgency in resolving matters affecting the Vista campus as well as the Qwaqwa campus.

**MOOIRIVIER MAKELAARS bk**

**Spesialiseer in groepsversekering**

**Sekuriteit • Die beste prys • Die beste diens**

Kontak ons by (051) 447 6877, faks (051) 447 5758 of stuur e-pos aan mmbloem@mweb.co.za

# 'Our obligation is to offer quality education'



*UFS Qwaqwa campus students and Ms Tumelo Keele, Student Recruitment Officer (left) during the official welcoming of first-year students.*

"Our vision is to continuously strive to build and develop the Qwaqwa campus of University of the Free State into a true quality institution of higher learning in our country," said Prof. Peter Mbati, Head of the Qwaqwa campus of the UFS, during his welcoming speech to first-year students on 22 January 2005.

He invited students to take advantage of this opportunity to acquire the necessary skills and training in the various academic programmes that are offered on campus. "Our obligation to you as a campus is to offer you quality training to the best of our ability, and to disseminate this knowledge to you within a conducive atmosphere worthy of good learning."

Prof. Mbati reported that in providing an atmosphere conducive to learning, management recognised the need to improve the infrastructure on campus and a total of R8,2 million was made available towards the end of 2004 for upgrading of specifically student residences and lecture venues. The first phase of the residence renovation has been completed and the contractor has now officially handed over residences C, D and E to the university. "The second phase of renovation will start soon," he said.

He encouraged students, academic, administrative and support staff and the broader community to work together in harmony for the well-being of the campus. "For this campus to continue to be relevant in the environment that we find ourselves in there is a need for continuous engagement of its various stakeholders, and genuinely listening to each other. I am particularly inviting our parents and guardians, the alumni of this campus, and leaders from our community to join hands with us in seeking solutions to the various challenges that we continue to face on campus. I am open to frank and honest discourse on the best way forward for our campus," he said.

The University of the Free State is committed to making tertiary education accessible to as many academically deserving students as possible. Illustrating the seriousness of the matter, he informed students who do not have the required 'M' score about the bridging programme in which they will be integrated with main stream students, but with fewer courses to tackle in order to ensure success. He also informed students who are academically deserving, but cannot pay the requisite fees about the National Student Financial Aid Scheme.

At the same occasion, the SRC President, Mr Tello Motloung, and the SRC leadership were inaugurated. Prof. Mbati congratulated them and told them that management values their input in the operational management of the affairs of the campus and that he is looking forward to a cordial, non-confrontational working relationship with a view to rendering unparalleled service on campus.

# UV bou databasis vir regering

Prof. Dries Hauptfleisch, lektor Bourekenkunde en Konstruksiebestuur, dr. Hendrik Marx, senior lektor Bourekenkunde en Konstruksiebestuur, en me. Michelle Brisley, 'n meestersgraadstudent, het die Chartered Institute of Builders (CIDB) se Nagraadse Studentekongres in Kaapstad in 2004 bygewoon en referate gelewer. Met hierdie kongres het die Adjunk-minister van Openbare Werke, mnr. Ntopile Kanyago, genoem dat hy onderneem om in samewerking met die UV 'n nasionale opname in nagraadse navorsing te doen. Die databasis van navorsing en navorsers by alle universiteite en technikons in Suid-Afrika sal die totstandkoming van die nasionale navorsingsagenda toelig. Dit sal kritiese gapings identifiseer en terselfdertyd duplisering elimineer.

Die voortdurende instandhouding en opgradering van die navorsingsdatabasis voorsien 'n waardevolle aanlynbron aan die staat, nywerhede en akademici met dieselfde belangstellingsvelde. "Ek glo dat dit ook samewerking in navorsing sal stimuleer, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook oor die kontinent en internasionaal," sê mnr. Kanyago.

# Landboubestuur leer kinders groente kweek

Die Sentrum vir Landboubestuur het onlangs 'n groentetuinvideo aan die Judea Harvest Kleuterskool in Freedom Square oorhandig. Die video – Growing your own Vegetables – is deel van die sentrum se samelewingsdiensprojekte wat deur Eerste Nasionale Bank gefinansier word. "Die sentrum beoog om die video ook aan skole, kleuterskole, ouetehuise en klinieke in Mangaung en Botshabelo te voorsien," sê mev. Dora du Plessis van die Sentrum vir Landboubestuur.

# Kliëntgedrewe uitkyk waarborg sukses



*By die opening van vanjaar se oriënteringseminaar van die Sentrum is van links prof. Izak Groenewald, mnr. Bramwell Konyabe, onderwyser van Botswana, prof. Magda Fourie, Viserektor: Akademiese Beplanning, en me. Cathy Giesekke, boer van die Ficksburg-omgewing.*

Die Sentrum vir Volhoubare Landbou het vanjaar sy veertiende inname van deeltydse meestersgraadstudente gevier. Prof. Izak Groenewald, Direkteur van die Sentrum, sê daar word aan 'n bepaalde behoefte in die mark voldoen.

Die Sentrum het die afgelope twee jaar indringend ondersoek ingestel na die veranderde behoeftes en eise wat landbouers stel aan hierdie formaat van deeltydse landbou-opleiding. Dit het gelei tot die ontwikkeling en implementering van nuwe modules in verskeie fokusareas, naamlik volhoubare plant- en diereproduksiestelsels, agribesigheidsbestuur, landelike ontwikkeling en waardetoevoeging en bemarking.

Prof. Groenewald sê die nuwe formaat van die program het tot gevolg gehad dat meer plaaslike en internasionale studente geregistreer het. Afgesien daarvan dat daar studente van bykans al die lande in die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) is, is daar ook nuwe studente van Ierland, Engeland, Nederland, Denemarke, Kenia en Ethiopië. "Hierdie diverse verteenwoordiging van studente maak interaksie in werkswinkels ongelooflik dinamies en stimulerend," sê prof. Groenewald.

Die Sentrum het graduandi op gelewer wat topposte in die korporatiewe wêreld verwerf het. "Die nuwe benadering tot die struktuur en inhoudelike van hierdie opleidingsprogram het aanleiding gegee tot 'n ongekende belangstelling en 'n rekord-inname van 64 nuwelinge. Ek glo die sukses van die kursus kan toegeskryf word aan die feit dat die Sentrum sensitief is vir sy kliënte en hul bepaalde behoeftes. Modules word voortdurend aangepas om tred te hou met die veranderende omgewing waarin ons studente werksaam is. Vir ons is 'n student nie net 'n nommer nie. Daar bestaan 'n persoonlike verhouding tussen studente en die personeel van die Sentrum," sê prof. Groenewald.

# Each one, teach one say youth

"Because young people do most of their talking about sexuality with their peers, peer education has important practical advantages as a component in a comprehensive HIV/AIDS strategy. Properly structured, it is proactive and flexible in delivering stimulating and memorable education to the youth," said Sylvia Thinta, one of the peer educators on campus.

The goals of peer education on campuses are to prevent the spread of HIV/AIDS and other sexually transmitted diseases at higher-education institutions, to promote social norms and provide support for adopting healthy attitudes and behaviours, to provide role models for healthy sexual behaviour to reduce the stigma attached to living with HIV/AIDS as well as education about human rights with special reference to issues of gender and to encourage participation in voluntary counselling and testing.



*Dr Petro Basson and the peer educators of the Life Skills Centre on campus. For more information, contact Dr Basson at 051 401 2603/ 083 4148445 or email her at bassonpm.rd@mail.uovs.ac.za.*

# Dimtec gerat om SAOG te help

Suid-Afrika het goeie wetgewing in plek om rampbestuur toe te pas, maar is agter met die implementering daarvan. 'n Ramp kan nie gekeer word nie, maar die ramprisiko kan verminder word en die impak daarvan kan wel verlaag word, sê mnr. Andries Jordaan, Direkteur van die Ramprisikobestuur-opleiding en -ontwikkelingsentrum vir Afrika (Dimtec) en dosent by die Departement Landbou-ekonomie aan die UV.

Mnr. Jordaan die World Conference on Disaster Reduction in Kobe, Hyogo, Japan het vanaf 18 tot 22 Januarie 2005 bygewoon. Met die konferensie, onder die vaandel van die Verenigde Nasies, is die onlangse tsoenamiramp vanuit 'n risiko-verminderingperspektief bekyk en het lande wêreldwyd die Hyogo-verklaring aangeneem. Dié verklaring stipuleer hoe lande natuurrampe oor die volgende tien jaar moet hanteer.

Volgens die verklaring sal lande voortbou op ooreengekome ontwikkelingsdoelwitte om wêreldwye rampverminderinsaktiwiteite te versterk in die een-en-twintigste eeu. Die intrinsieke verhouding tussen rampvermindering, volhoubare ontwikkeling, armoedebekamping en die betrokkenheid van alle rolspelers is ook erken. Die verklaring erken ook dat 'n kultuur van ramprisikobestuur en risikobestuurstrategieë aangekweek moet word op internasionale sowel as individuele vlak. Verder erken die verklaring dat ramprisikovermindering hoë prioriteit in die nasionale beleid van alle lande moet geniet.

Die UV doen ook sy deel om toe te sien dat ramprisikobestuur in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) groter inslag vind. Buiten dat die universiteit 'n M-graad in Ramprisikobestuur aanbied het Dimtec al informele opleiding aan meer as 300 gemeenskapsleiers en vrywilligers in die Vrystaat en Limpopo verskaf. "Dit plaas die UV in lyn met wêreldtendense en –behoeftes," sê mnr. Jordaan.

"Afrika word deur groot rampe geteister waarvan die wêreld min notisie neem. Net in Sentraal-Afrika gaan ongeveer 40 000 mense per maand dood as gevolg van burgeroorloë en konflik. Dit beteken dat daar elke vyf maande meer mense doodgaan as wat met die onlangste tsoenami oorlede is. Ander groot rampe in Afrika wat miljoene lewens geëis het die afgelope dekade, is droogte, sprinkane, vloede, hongersnood en die vigs-virus.

"Kovsies, deur middel van Dimtec, is tans die enigste instansie in Afrika met 'n nagraadse kwalifikasie wat spesifiek op ramprisikobestuur gefokus is. Die 18 studente van SAOG-lande is 'n bewys dat ons ramprisikobestuur as 'n streekmoet benader. Rampe erken nie internasionale grense nie. Samewerking in SAOG en die res van Afrika moet uitgebou word en navorsing moet antwoorde verskaf vir die probleme in Afrika," sê mnr. Jordaan.



*Van links is mnr. Cassim Peer: Assistent-direkteur: Filantroop Beleidskwessies van Suid-Afrika, dr. Glaudine Mtshali: Ambassadeur en permanente verteenwoordiger by die Verenigde Nasies en Wêreld-Handelsorganisasie en mnr. Jordaan tydens die afgelope wêreldkonferensie in Japan.*

# Voices Incorporated sing by KKNK

Me. Leona Geldenhuys, dosent in Koorleiding aan die UV, nooi alle personeel wat die KKNK vanjaar gaan bywoon om die *Membra Jesu nostri*-produksie, wat in die Moederkerk op Oudtshoorn aangebied word, te ondersteun.

*Membra Jesu nostri patientis sanctissima* (Die allerheilige liggaam van die lydende Jesus aan die kruis) deur Buxtehude het die kruisiging van Jesus as tema. Die werk, wat 'n uur duur, word in Latyn gesing en handel in elk van die sewe dele oor 'n deel van Jesus se liggaam aan die kruis: voete, knieë, hande, die sy, bolyf, hart en gesig.

Hierdie opwindende aanbieding van *Membra Jesu nostri*, 'n juweel uit die Baroktydperk, word aangebied deur Voices Incorporated–Kovsiekamerkoor. Hulle word bygestaan deur die bekende Odeion-strykkwartet, 'n kontrabas en orrel. Die jeugdige klank van die soliste – almal studente aan die UV – dra by tot die skepping van die egte Barok-klanke en atmosfeer. Die koor staan onder leiding van me. Geldenhuys.

Die aanbiedings van *Membra Jesu Nostri* (in die NG Moederkerk) kos R50 per persoon. Voices Incorporated sal optree op 25 Maart om 19:00, 26 Maart om 13:00, 27 Maart om 19:00, 28 Maart om 16:00 en 29 Maart om 10:00.

# Marshoff and Peters register in UFS programme

The Masters Degree in Governance and Political Transformation which is in its sixth year of existence delivers not only students of quality, but also of high profile. Mr Darkey Africa, MEC: Local Government and Housing in North West, Mr Ouneas Pakes Dikgetsi, MEC: Local Government and Housing in the Northern Cape and Mr Chris Mepha, CEO of the Independent Electoral Commission in the Free State, successfully completed this programme at the UFS.

Prof. André Duvenhage, Programme Director of this multidisciplinary course said, "The programme aims to build the human resource capacity in South Africa by concentrating on the acquisition of political management skills which will complement the development of a value system of good governance while meeting the demands of a transforming society." Amongst the 200 plus students who are registered for the course are Ms Beatrice Marshoff, Premier of the Free State, and Ms Dipuo Peters, Premier of the Northern Cape. The premiers feel they are never too old to learn and are ready to face new challenges.



*Premiers of the Northern Cape and Free State enrolled for the course. From left are Premier Dipuo Peters, Prof. André Duvenhage and Premier Beatrice Marshoff.*

# Nagraadse studente kry 'n skryfvennoot

ERAS, die Eenheid vir Retoriese en Akademiese Skryfontwikkeling aan die UV, het in 2004 baie goed gevaar met sy loodsprojek en sal vir die volgende drie jaar uitbou op dié sukses, sê prof. Louis Venter, Konsultant-koördineerder by ERAS. Dié eenheid is 'n steunpunt wat die UV ingestel het om geregistreerde M- en D-studente van diens te wees.

In Maart 2004 het die Uitvoerende Bestuur van die UV 'n behoefte vir skryfvaardighede by M- en D-studente geïdentifiseer en ERAS is gestig om dié studente by te staan om die kwaliteit van hul akademiese skryfvermoëns te verhoog.


As jy op universiteit is, of dit nou as student of dosent is, sal daar van jou verwag word om te skryf soos in die geval van toetse, aantekeninge afneem, opdragte uitvoer, artikels lewer of boeke skryf. "Akademici lewe van die geskrewe woord," sê prof. Venter.

Die skryfwerk van baie studente en dosente is 'n probleem. Deur middel van die konsultasies met individue of klein groepe leer die eenheid studente van tekskonstruksie, styl en retoriek. Studente is dan in staat om skryfwerk te lewer wat beginsels soos helderheid, bondigheid, samehang, konkreetheid, oorreding, relevansie en diepte bevat." Hulle moet die kennis wat hulle het skriftelik kan kommunikeer," sê prof. Venter.

Vir die lang termyn beplan die eenheid om die fokus van "writing across the curriculum" na "writing in the curriculum" te verskuif. ERAS sal met ander woorde begin met die program om vakspesifieke tutors te identifiseer en skryfkundig op te lei om skryfwerk binne die dissiplines te bevorder. Met dié stap beweeg ERAS in lyn met die moderne tendense wêreldwyd.

Prof. Venter sê: "ERAS het gekom om te bly. Dit is net 'n kwessie van hoe dienste en kapasiteit uitgebrei gaan word om te verseker dat die universiteit groei tot 'n instansie waar 'n skryfkultuur gekweek word by beide studente en dosente."

Belangstellendes kan prof. Venter kontak by tel 401 9363 of in Kamer 107A, Benito Khotseng-gebou.



*Student kry hulp met skryfwerk. Van links is mnr. Immanuel Vaugel Ntsetso, M-student en hoof by Ihobe Intermediêre Skool, prof. Louis Venter en mnr. Schalk van der Merwe, navorsingsassistent by ERAS.*

# Judge Hefer talks at law conference

The Faculty of Law recently hosted the Society of Law Teachers of Southern Africa (SLTSA) conference, which took place from 17 to 20 January 2005. "The theme of the conference was "Law in Action", and the fact that over 50 papers pertaining to diverse legal aspects were delivered substantiated this theme emphatically," said Adv. Bradley Smith, Lecturer in Private Law at the UFS.

"One of the many highlights of the conference was undoubtedly Judge Joos Hefer's keynote address during which he encouraged legal academics to continue with their research and assured them that their contributions to legal development do not go by unnoticed," said Adv. Smith.

Overwhelmingly positive feedback was received from colleagues who attended the conference, both in terms of the conference itself and the excellent facilities and condition of the UFS campus. Adv. Smith thanked and acknowledged the inputs of all his colleagues involved, the Rector, Juta, Butterworths publishers as well as the Juridical Society. He also thanked Prof. Elizabeth Snyman-van Deventer for arranging the conference in an exemplary fashion.



*Judge Joos Hefer.*



*Prof. Elizabeth Snyman-van Deventer.*

# UFS recognise researchers

Prof. Frans Swanepoel, Director of Research Development at the UFS, said the recent recognition of excellent research reflects the UFS's commitment and innovative focus on research as one of its core functions.

The UFS promotes equity and the development of research capacity of designated groups and recognised the research achievements of 21 women and 16 black persons at the end of 2004. The UFS also recognised nine young researchers with the potential to establish themselves as researchers within five years.

Fifty-eight established researchers with a sustained recent record of productivity received recognition and 12 researchers were recognised for having excelled in research outputs during recent years. Nine researchers were acknowledged for the international recognition they received from their peers for the high quality and impact of their recent research outputs and seven individuals were recognised for their exceptional achievements as researchers. Prof. Lodewyk Kock received national and international recognition for his research programme focusing on pure and oxidised edible oil.

# Herwin papier en spaar bome, sê Andria

Me. Andria van der Berg, administratiewe beampte by Bevoorrading aan die UV, versoek dat almal met vol papierherwinningshouers haar kontak by vdberga.rd@mail.uovs.ac.za. Die houers wat Bevoorrading laat druk, word gratis aan departemente wat so 'n versoek rig, versprei.

Die UV het in 2003 met die papierherwinningsproses begin. Papier word aan Nampak gelewer. Andria sê in die eerste jaar van die herwinningsproses is 'n bedrag van R3 529 en in 2004 is R10 461 aan die universiteit uitbetaal. In Januarie 2005 is ook al 'n paar ton papier gelewer.

Die geld wat Bevoorrading vir die papier ontvang, word aangewend om die koste van die houers en die koerierdienste te betaal. Die res van die geld gaan dan na die universiteit se algemene rekening.

Andria versoek personeel om slegs papier in die houer "Paper Recycle Bin" te gooi en nie plastiek of kos nie. Hulle is ook welkom om ou koerante en leë kartonhouers daarin te plaas. Tans is daar slegs een persoon wat die houers kan kom afhaal en personeel word vriendelik versoek om geduldig te wees, aangesien Bevoorrading kyk na 'n metode wat meer effektief kan werk.

Andria sê, "Mense is nou baie meer bewus van papierherwinning en daardeur kan ons bome spaar vir die toekoms."




*Me. Andria van der Berg by een van die papierherwinningshouers.*

# time out with...



I am because we are, says

## Dr Edwin Mohatlane



*Dr Edwin Mohatlane.*

Dr Edwin Mohatlane, acting director of the Sesotho Language Research and Development Centre at the Vista campus of the University of the Free State, says everything is possible in life if we believe in God and serve Him accordingly. “I also believe you only have success by serving the Lord.” His father, the late Rev. Nolan Mohatlane, is his motivation in life.

Edwin grew up in Qwaqwa and later attended high school in Kroonstad. He started his tertiary education in Bloemfontein at the former Vista University. It was during this stage in his life that he equiped himself for a career in languages, drama and translations. “I love translations, both oral and written. Second to that I love drama. Listening to drama series on Lesedi FM is one of my favourite pastimes at home,” he said.

Starting his study career in 1987 Edwin completed his B.A., M.A. and Education Diploma in African Languages. He also completed his B.A. Honours, specialising in Drama as well as his Diploma in Translations (cum laude). However, the highlight of his life and the climax of his study career was when he obtained his doctor’s degree (D. Litt.) in African Languages at the University of Stellenbosch.

With prior teaching experience at both Vista’s Bloemfontein and Welkom campuses Edwin was appointed as sub-head of the Department African Languages and programme co-ordinator, representing the Dean of the Faculty of Arts at Vista. Later he became the programme co-ordinator in the Faculty of Humanities at Kovsies.

Another of Edwin’s interests is his love for books. He writes about life and is the author of *Mokolokokotwane* (meaning a milestone) and *Pulamadiboho* (something that gives way). These are prescribed short stories for students in Lesotho, Free State and Gauteng schools. Edwin also wrote and took part in a drama series for Lesedi FM. On several occasions he presented papers on translations that were well received at the Universities of Venda, Potchefstroom, Port Elizabeth and Lesotho.

On relationships in the workplace Edwin says “I am because of the motivation, encouragement and support that I received from colleagues at work and for that matter I do believe that ‘I am because we are’.”

# Speelgoed maak kinderhartjies bly

Personeel van UV-Bemarking en Topbestuur het in 2004 speelgoed ingesamel en aan die Departement Pediatrie en Kindergesondheid in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe geskenk. Dié departement ondervind ‘n speelgoednood in Saal 10, sowel as die dagkliniek waar buite-pasiënte behandel word.

“ ‘n Siek kind is ‘n bang kind en ‘n speelding bied troos vir ‘n pasiëntjie wat dikwels baie traumatiese behandeling moet ondergaan. Kinders raak dikwels ook geheg aan ‘n speelding en neem dit saam huis toe. Daar is dus altyd ‘n behoefte aan speelgoed,” sê prof. André Venter, Hoof van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid. ‘n Speelgoedprojek is kampuswyd geloods om nog speelgoed vir die departement in te samel. Personeellede word genooi om speelgoed bymekaar te maak en so deel te wees van hierdie besondere projek. Skakel vir me. Ilse Olivier by UV-Bemarking by 051 4012415 en sy sal die speelgoed by u kantoor kom haal.



*Personeel van UV-Bemarking en Topbestuur, saam met prof. André Venter (sittende) en die kindertjies van Saal 10. Van links is mee. Anna-Ryna Olivier, Annatjie Maritz en Ilse Olivier.*

## “Dink vandag, praat môre.”
*Spreekwoord*

## “Dink vandag, baat môre.”
***Sanlam***

STRATUS SPAAR EN BELEGGINGS beteken meer geld vir jou aftrede. Dit is 'n uittree-annuïteit wat jou:

- belastingvoordele bied wanneer jy belê en weer wanneer jy aftree;
- die opsie bied om jou opbrengste én jou kapitaal te waarborg;
- 'n keuse van veelvuldige beleggingsfondse gee, en dan kan jy boonop van die een na die ander omskakel; en
- die buigsaamheid bied om te kan kies hoe jy jou premies wil betaal.

**Vir meer inligting oor Stratus Spaar en Beleggings, skakel Ben vandag nog by sy kontaknommers.**



**Ben Opperman**
**Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur**
**051 407 8156**
**082 457 2240**
**benoprmn@intekom.co.za**

*Ons dink vooruit* Sanlam

Sanlam CI2202MS0500BPA

# 5 Minute



# Van gesteelde motor tot deurmekaar admin

Dagsê!

Bultjie was bietjie oor die water om te gaan werk. Heerlik daar vêr! Een van die saligste dinge in die lewe is om die registrasieproses mis te loop! Dit voel of ek nog glad nie gewerk het nie!

Mens kom darem gou agter jy is van Suid Afrika. Sommer met die intrapslag steel hulle in Johannesburg gou 'n videokamera met sy laaier en 'n bottel 10 jaar-KWV uit my bagasie. Om die diefstal in 'n vreemde land aan te meld is nogal 'n gedoente!

Maar dis niks teen die vreemde oproepe wat jy van die huis kry nie. Op jou selfoon natuurlik, want jy betaal mos as jy in die buiteland is. Mammie bel eendag en sê sy's nog lief vir my en daar is bye in die huis. Nou wat kan ek daaraan doen wonder ek so met die foon in die hand. Dis nou oor die bye nê! 'n Paar dae later verander die stemtoon. Mammie deel my nou mee dat die motor gesteel is en ek moet nou huis toe kom.

Drie dae later. *Die dak lek al weer op dieselfde plek wat verlede jaar reggemaak is en vir wat flenter jy in die buiteland rond? Die hond is weer in dáárdie tyd en dis die basterbrak van die buurman en dis nou nie meer snaaks nie!* 'n Rot het gisteraand vir Mammie van agter die wasmasjien gegluur en as jy nie dádelik huistoe kom nie, gaan sy in Bloem bekend word as die Vrolike Weduwee. Sulke nuus maak natuurlik 'n man se dag!

Ook, en hierdie keer met 'n vreemde vonkel in die stem: *Hi! Ek begin nou gewoond raak aan die idee dat jy nog lank oorsee gaan wees en raai wat? Ek het vir So-en-so in die winkel raakgeloop na al die jare! En hy is toe nooit getroud nie!* So-en so is natuurlik 'n ou Varsity-fan van haar en my *Pet Hate*!

En maak jy nou die fout om te sê die mense hier begin ook nou vir jou mooi word na al die weke so alleen in die vreemde, kan jy seker wees die volgende oproep kom dalk van haar prokureur af! Ook op jou rekening natuurlik! Dis dan dat jy vir haar allerhande goed, wat jy nie kan bekostig nie, begin koop om saam te bring!

Maar die saligheid van weersiens maak dit alles die moeite werd! Net jammer om weer met 'n taamlike deurmekaar administrasie in Suid-Afrika gekonfronteer te word. Onthou tog mense dat as jou kar gesteel word jy twee dae lank van maatskappy tot maatskappy sal bel om 'n baie belangrike papiertjie op te spoor. Dis nou jou oorspronklike sertifikaat van eienaarskap van die motor wat die maatskappy vir jou moes stuur die dag as jy die motor afbetaal en hulle nooit doen nie.

Sonder daai papiertjie kan jy die motor nie skrap nie en die versekering kan nie uitbetaal nie. Wees ook gewaarsku dat die dame by die verkeersdepartement sal aandring dat jy die *gesteelde motor* eers polisiestasie toe moet vat sodat hulle die enjin- en bakwerknommers kan vergelyk met dié nommers op die heilige papiertjie.

En moenie probeer voorstel dat ons die motordief bel en vra of hy/sy die gesteelde motor sommer self Polisiestasie toe moet vat om die sakie op te klaar nie. Dan stuur sy jou terug na die begin van die ry en nadat jy weer vir 'n uur in die ry gestaan het en dis nou jou beurt, slaat sy daai *Closed*-bordjie met grasie voor jou gesig toe en gaan drink tee of iets agter 'n geheime deur. Dan begin jy maar weer jou storie van voor af vir 'n nuwe gesig. Met 'n huiltoon in die stem sodat die arme dame agter die glas naderhand heel op haar senuwees raak en sommer so tjoef-tjaf jou motor afskryf en vir jou heilige papiertjie nommer twee gee!

Dis nou die die deregistrasiesertifikaat waarmee jy versekering toe gaan. En daar by Mooirivier Makelaars word jou vertroue in die mensdom herstel met die vinnigste, vriendelikste diens. Dankie tog vir Sonja!

Groete van huis tot huis!

*Bultjie*

# Kovsie-Alumni hou gholfdag




*Met die jaarlikse Kovsie-Alumni se gholfdag in Bloemfontein, wat deur UV-Bemarking gehou is ten bate van die Shimla-toerfonds, is van links me. Elisia Marais, Kovsie-joolfinalis, mnr. Pieter Venter, Drama-departement, Mar-lee van Heerden, Kovsie-joolfinalis, dr. Ivan van Rooyen, Direkteur: UV-Bemarking, en me. Anchen du Plessi, Kovsie-joolfinalis. Prof. Frederick Fourie en dr. Ezekiel Moraka het ook gespeel.*



# Klippies in my skoen

## Moet ons nou [ook] die boodskapper skiet?

**Dr. Elsabé Pepler, Kwalifikasiehoof: Mediastudie, skryf:**

As dosent in Mediastudie wat die media bestudeer, ontvang ek onlangs twee publikasies van die Direktoraat Strategiese Kommunikasie oor my tafel. Beide maak gebruik van talle foto's. Een foto, sê die gesegde tereg, vertel meer as 'n duisend woorde.

Die eerste, die *Bult*, word aan onder andere oud-studente, donateurs, "meningsvormers en Kovsievriende" gestuur. In die *Bult* is daar 35 groepfoto's, waarin 114 persone in totaal verskyn. Van hierdie 114 is 80 (70%) mans. Van hierdie 80 mans in die prentjies is 53 (66%) blank (en meestal Afrikaanssprekend); die res (33%) anderskleurig/swart. Slegs 34 (30%) van die persone in die groepfoto's is vroue, en hiervan verteenwoordig 80% blanke vroue en slegs 20% anderskleuriges/swart vroue. Nog nadere ondersoek wys dat mooie Joolkoningin in drie van hierdie foto's verskyn, en dat ander skoonhede-sondernaam 'n verdere drie verteenwoordig. Twaalf enkelinge se foto's verskyn in die publikasie. Hiervan is 8 mans (5 blank, 3 swart); 4 vroue (3 blank en 1 swart).

Kort hierna beland 'n ouer glanspublikasie toevallig op my tafel. *Die verhaal van die UV in 2003* met die fatale subtitel, *Beyond the ivory tower*, is die Jaaroorsig van die Rektor en Vise-kanselier, wat "belangrike ontwikkelings en statistiek van die UV binne die konteks van my visie as nuwe Rektor en Visekanselier ontleed". Dit, verklaar bladsy een, is "die strategiese verhaal van die UV in 2003". Maar ironies onderstreep dié publikasie net twee retoriese waarhede, eerstens dat enige bestuur gewoonlik so behep is met hulle ego-effekte dat hulle moeilik hulle geld sit waar hulle monde is; en tweedens dat hierdie "strategiese verhaal" 'n massiewe en gedenkwaardig-fatale stukkie korporatiewe "spin-doctoring" was.

Kanselier dr. (*naam asb. – redakteur*) Sonn verklaar op bl. 5 dat die UV uitmuntend geslaag het aan **sy** – wonder ek toe of iemand al ooit kon gewonder het hoekom 'n universiteit manlik is? – commitment aan "the road of justice … and that the university has clearly liberated itself". Prof. (*naam asb. – redakteur*) Fourie verklaar dat "sy" visie vir die universiteit een van "excellence, equity and innovation" is, wat "transformation, non-racialism and **non-sexism**"

Moet ons nou ... vervolg op bl.11

# Disability does not mean inability

"Being disabled does not impede a person from furthering his or her studies," said Ms Ronel Ceronio, the coordinator of the Unit for Students with Disabilities UFS.

The UFS gives opportunity to students who are physically challenged to further their studies. Dewald van Deventer, B.Com first-year student, said, "The facilities offered by the UFS to people with disabilities are the best. I now know my way around campus because of the orientation I received from the tutor." They are encouraged to do computer studies to be able to write their own notes, and they are also taught to use the brailler.

"I did not know how to use a computer and how to read the brailer when I arrived here as a first-year student. But with the help of the tutor and the computer studies which the UFS offers, I am now able to do so," said Joseph Mabanga, B. Admin second-year student.

There are also sporting facilities for students with disabilities, including cricket for the blind, goal ball for the partially blind and wrestling, athletics and golf for all disabled students.

The Unit for Students with Disabilities (USD) was formed in 2002. This division caters for students who are visually impaired, hearing impaired, physically impaired, learning impaired, mentally or psychologically impaired, and have other forms of disability such as epilepsy, chronic illness such as diabetes and speech defects. Ms Ceronio said the aim of the USD is to promote equality for students with disabilities and access to courses, buildings, learning material, residences, as well as leisure and sports activities.



*From left are Mr Joseph Mabanga, Ms Ronelle Ceronio and Mr Dewald van Deventer.*

Moet ons nou ... vanaf bl.10

insluit. (Visie is sekerlik spelend op die toekoms.) Verder, "Given the legacy of the past, of exclusion and denial of opportunity, the university has confronted these realities head-on in various ways". Let nou op die verlede tyd, asof ons dus tog wel in die Beloofde Land gearriveer het.


Dié publikasie se fotostatistiek lees as volg. In 23 glansblad-kleurfoto's waarin ons topbestuur/leiers hul lyf bekwaam model hou teen die agtergrond van "hulle" nuut-gerestoureerde kampus, verskyn 'n totaal van 32 individue. Hiervan verteenwoordig die slim en bekwame manne 24 (75%), waarvan 18 blanke mans is (75%), en slegs 6 (of 25%) swart/anderskleurige mans. Van hierdie 28 persone - enkele mense verskyn twee keer op sekere bladsye en is dus nie twee keer in die totaal van 32 verreken nie - is daar slegs 4 vroue, 3 wit en 1 swart. Maar meer as die helfte (55%) van die UV se personeelkorps is reeds vir jare vroue, (*mens kan die sin verkeerd lees– redakteur*) en meer as die helfte (55%) van ons studente/kliënte is vroue.

Transformasie, my voet. Gelykheid, hallo. Geen wonder nie dat selfs die *Volksblad* herhaaldelik ongelukkige briewe van personeel en waarnemers oor swak salarisse, transformasie, die lawwe vakbond, verkeersprobleme en veiligheid op kampus publiseer. En nou is ons helaas weer op die drumpel van die groot Transformasie op pad na Kanaän - nadat die universiteit volgens bovermelde publikasie/s reeds "hierdie werklikhede op verskeie wyses ontmoet het". Die grootste ironie is dat hierdie twee publikasies uit die spreekwoordelike perd se bek verskyn het.

Wat my ten slotte persoonlik, synde 'n voog van die studente-media (die *Irawa* en *97FM*), die meeste belg, is dat hierdie studentespreekbuise goéd dopgehou en "bestuur" word, en dat die redakteur van die *Irawa* selfs dan en wan herinner word dat die koerant "toegemaak kan/sal word". Baie onlangs was vriendelike gesprekke met dié twee mediums se redakteur/direkteur gevoer om hulle verantwoordelikheid as "beelddraers" van die UV te beklemtoon, ongeag die feit dat hulle bepaalde teikengehore het - wat eintlik nie ouers en ander beswaardes behoort in te sluit nie.

Miskien moet die manne - die foto's bevestig mos die bestuur bestaan hoofsaaklik uit wit mans? - eerder op hul eie publikasies se eksplisiete én implisiete boodskappe konsentreer alvorens pogings tot sporadiese studentemedia-sensuur aangewend word. Uiteindelik stuur alle publikasies, ook korporatiewe publikasies, 'n sterk boodskap van bestuur deur. En dis jammer dat hierdie boodskap aan die groot klok nie klop met die feite in ons publikasies nie. In vandag se politieke wêreld is die manlike/vroulike werknemersverspreiding net so 'n tameletjie soos vuil taal, vryheid van spraak en beeldbou.

# UV-hoofraam vervang



*Die hoofraam is vanaf 31 Oktober 2004 vervang met die PeopleSoft-stelsel. Die hoofraam was meer terminaal-gebaseer terwyl die PeopleSoft-stelsel meer web-gebaseer is. Die IBM-hoofraam het verouderd geraak vir die PeopleSoft stelsel wat van ander hardeware gebruik maak en dus nou vanaf 'n aantal "SUN boxes" hardloop.*

# Aanstellings

**Prof. P. Raman** is vanaf 1 Januarie 2005 as professor aangestel by die Departement Argitektuur.

**Dr. B.J. Willemse** is vanaf 1 Januarie 2005 as medeprofessor aangestel in die Departement Landbou-Ekonomie.

**Dr. S. Siebert** is as Senior Lektor aangestel in die Departement Plantwetenskappe op die Qwaqwa-kampus.

**Mnr. P. Burger** is vanaf 1 Januarie 2005 as medeprofessor aangestel in die Departement Ekonomie.

**Mev. A.D. Koekemoer** is vanaf 1 Januarie 2005 as medeprofessor aangestel in die Departement Rekeningkunde.

**Mnr. H.S. van der Watt** is as Senior Lektor in die Sentrum vir Rekeningkunde aangestel.

**Mnr. S. van Rensburg** is aangestel as Direkteur: Rekenaardienste.

**Me. Ntsikane Maine** is vanaf 1 Januarie 2005 aangestel as Lektor in die Departement Landbou-ekonomie.

**Me. Joy Summerton** vanaf 1 Januarie 2005 aangestel as Lektor/navorser in die Sentrum vir Gesondheidsisteemnavorsing en –ontwikkeling.

**Mnr. James Letuka** is aangestel as as Direkteur: KovsieSport.


**Me. Suzan Mshumpela** is aangestel as Adjunk-direkteur in UV-Bemarking.

**Prof. Johan Diedericks**, Departementshoof: Anestesiologie, is verkies as ondervoorsitter van die Resussitasie-komitee van die Wêreldvereniging van Narkoseverenigings.

# Heengegaan

**Prof. D. de Bruiyn** van die Departement Geologie en **me. S. Olivier** van Verblyfdienste is onlangs oorlede.

# . . . Bottom Line . . .





## Publikasie-besonderhede

Informa word saamgestel deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV.

**Redakteur:** Leonie Bolleurs
Tel: 051 401 2707

**Ontwerp en uitleg:** Chrysalis Advertising & Publishing
Cell: 082 728 4860
Tel: 051 522 1695
Faks: 051 522 1695

**Drukwerk:** Print 24
Cell: 082 709 8652
Tel: 051 433 2763
Faks: 051 433 2775

**Menings wat in Informa gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die Universiteit van die Vrystaat nie.**


# Trofee vir wenspan



*Die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe het onlangs 'n gholfdag gehou. Die wenspan was van links mnr. Botma Visser, mnr. Mieder Forster, prof. Sakkie Pretorius en prof. Seef Pretorius. Hier ontvang hulle die skild van prof. Herman van Schalkwyk, Dekaan van die Fakulteit.*

## Advertensies


**Universiteitstennisklub soek nuwe lede**. Lede speel Woensdag- en Saterdagmiddae vanaf 14:30 by die bane by die Callie Humansentrum. Kontak gerus vir Elsa van Coller by 051 430 6476.

**Taalversorging, proeflees, redigering en vertaling (Afr-Eng/Eng-Afr)**. Skakel Paul van Rooyen by 083 656 0078.

**Woonstel naby UV**. R 1500 per maand, naby alles, eie kombuis, klein tuintjie, toesluitmotorhuis. Gemeubileer of eie meubels. Kontak 084 4219 249 of 446 2364 na ure.

**Room to rent in house**. Self-catering. Breakfast, washing, water and electricity and house cleaning included. R950 pm. Phone 083 4151 253 or 051 421 1253.

**Verblyf in Petrusburg** 3 Slaapkamerhuis. Sit-eetkmaer, kombuis & badkamer. Groot vertrekke. Groot buitekamer. Te huur: R800 per maand. Ook te koop. Skakel (051) 448 3013 / 401 2519 / 083 7493 363 / 083 6791 207 / 401 2852.

**Typing**. R8 per normal page, tables/graphs R10 per page. Phone 083 4151 253 or 051 4211 253.

**Basic computer lessons**. R40 per hour. Phone 083 4151 253 or 051 421 1253.



informa.stg@mail.uovs.ac.za

http://www.uovs.ac.za/publications
http://www.uovs.ac.za/publikasies


**Adresplakker**